CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXVI · NOMMER 6 · 14 MAART 1980

# Karnaval uitslae bekend

**Vergeet-my-nie en Over-de-Voor het hulle die afgelope week bewys as die mees bekwame karnavalvierders op die PU-kampus. Vergeet-my-nie het met 2 533 punte teenoor die 2 385 van Karlien, wat tweede was, geseëvier. Wag-'n-bietjie was derde met 2 220 punte. Over-de-Voor het hulle oorwinning deeglik beklink met 2 933 punte teenoor 2 592 van Caput en 2 558 van Klooster.**

Over-de-Voor se sukses is grootliks te danke aan die feit dat hulle in die trapkarwedren, die Blikboukompetisie en die gemengde serkompetisie die meeste punte ingesamel het.

Alhoewel Vergeet-my-nie in geen besondere kompetisie bo aan die punteleer geland het nie het hulle so 'n goeie gemiddeld gehandhaaf dat hulle uiteindelik kon wen.

Die fondsinsameling is deur Dinki en Uitspan gewen met onderskeidelik 3 038 en 2 725 punte. Tweede was Klawerhof en Hombré en hulle is gevolg deur Vergeet-my-nie en Caput in die derde plekke. Een van die hoogtepunte van die naweek was die Kaap-na-Rio wedren wat op die Potch-dam plaasgevind het. Elke bouspan is van dieselfde materiale voorsien asook hul eie inisiatief en onder druk van die stophorlosie het die kombinasies van Caput en Karlien, en Liberalia en Wag-'n-bietjie die titel ingepalm.


Die blikboukompetisie se titel is weereens gedeel deur Over-de-Voor/Klawerhof en Villagers/Oosterhof.

Hombré en Vergeet-my-nie was die suksesvolste in die stalletjie-kompetisie met hulle vergestalting van die hoofgebou ter uitbeelding van die "ou en die nuwe", hierdie tema is oók uitgebeeld deur die sierwaens. Hoewel sommige van die idees interessant was, het min koshuise daarin geslaag om 'n indrukwekkende vlot te bou.

Wag-'n-bietjie en Liberalia is in hierdie afdeling egter bekroon vir hulle moeite en hulle uitbeelding van die veranderinge wat deur die jare in die energiekrisis na vore gekom het, gesimboliseer in die piramide en die sonneblomme.



**Prof. Rassie Smit oorhandig die trofee vir die dameswenners van Karnaval aan mej. Mariska Spoormaker, primaria van Vergeet-my-nie. Stefan Pretorius, Karnavalvoorsitter, kyk toe.**



**Prof. Rassie Smit, die Ere-President van Karnaval oorhandig die trofee aan mnr. Tommy Hoffman, primarius van die manswenners van Karnaval, Over-de-Voor, terwyl mnr. Stefan Pretorius die Karnavalvoorsitter toekyk.**

# PU en US kom ooreen

**Tydens die vergadering van die Studenterade van die PU en Stellenbosch is die moontlikheid van die daarstelling van 'n oorkoepelende liggaam vir alle kampusse bespreek.**

Die SR van Stellenbosch het versoek dat die SSR van die PU sy mening oor die saak sal uitspreek. Hulle het dit sterk beklemtoon dat so 'n organisasie nie bedoel is om of die ASB óf NUSAS te vervang nie. Dit moet slegs voorsien in die behoeftes waarin bogenoemde twee organisasies nie voorsien nie.

Die twee Studenterade het die volgende as konsensus aanvaar: "Vanweë die dringende noodsaaklikheid van kontak tussen die verskillende studentegemeenskappe in Suid-Afrika, beskou ons die totstandkoming van 'n oorkoepelende studente-organisasie as 'n belangrike prioriteit."

Die vergadering het nie 'n besluit geneem oor die aard, werkswyse of implementering van die organisasie nie, ten einde nie die saak vooraf al te belemmer nie.

## Derdejaarskamp

Die datum van die Derdejaarskamp van Aktueel wat van 28 tot 30 Maart sou plaasvind is verander na 1 tot 3 Augustus 1980.

# PU staan ere-doktorsgrade toe

**Die PU gaan vanjaar twee ere-doktorsgrade toeken tydens die Hoofgradeplegtigheid op Woensdag 23 April.**

Die ere-doktorsgrade word toegeken aan regter F.L.H. Rumff, Hoofregter van Suid-Afrika, wat die graad LL.D (Honoris Causa) ontvang, en Prof. H.C. van Rooy, die pasafgetrede Registrateur van die PU, wat die graad D.Bibl. (Honoris Causa) ontvang.

Die graad LL.D word aan regter Rumff toegeken op grond van die besondere bydrae wat hy gelewer het tot uitbouing van die regswetenskap en veral die toepassing daarvan in die regspleging in Suid-Afrika, en sy optrede in 'n verskeidenheid terreine as juris en regter.

Die graad D.Bibl. word aan prof. Van Rooy toegeken weens die ondernemende en baanbrekerswerk wat hy gedoen het ter bevordering van die biblioteekwese in Suid-Afrika, die biblioteek- en inligtingstruktuur in die algemeen en sy aandeel in die opleiding van biblioteekpersoneel.

Die Staatspresident, Mnr. Marais Viljoen, is die spreker by die Hoofgradeplegtigheid.



Die Student se Bank.
As student is jy voor in ons boek.
Kyk net na ons dienste vir studente:
Spaarrekeninge
Laekoste-tjekrekeninge
Versekering
'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat.
Kom gesels gerus met ons.
Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.
BARCLAYS
Barclays-Nasionale Bank Beperk · Geregistreerde Handelsbank
JWT J. WALTER THOMPSON 7324/A

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater



**Iets van die ou Alabama-spontaneïteit wat dié groep gewild gemaak het, het verlede naweek tydens die opvoering van oud-Alabamalede herlewe. Prokureur Frans Kruger het vir die oomblik sy daaglikse professie verruil vir die rol van die skoolmeester in dié komiese insident.**

## Knox tree in Sentrum op

Minette Joubert

**Eerskomende Donderdag, op 20 Maart, word die eerste ernstige musiekkonsert van 1980 in die Konservatoriumsaal aangebied. Tot dusver was daar die SAUK-orkes in die ouditorium van die Studentesentrum wat die klassieke musieksmaak van die student kon help bevredig — nou word die enigste verdere konsert van hierdie kwartaal aangebied.**

Die bekende sopraan, Barbara Knox word deur Diane Coutts, amptelike begeleier van die SAUK, bygestaan in 'n uiteenlopende program.

Mej. Knox is afkomstig van Pietermaritzburg en is geen vreemdeling vir radioluisteraars en TV-kykers nie. Mej. Coutts het 'n indrukwekkende lys prestasies agter die rug en is een van ons land se voorste pianiste.

Hulle program sluit baie bekende werke vir die gereelde konsertganger in. Van die werke wat uitgevoer sal word, is onder meer Frauenliebe und Leben van Schumann en Grieg se Frühlingsregen.

Die konsert begin om 20h00 en kaartjies is beskikbaar by die Inligtingsburo op die kampus, by die Konservatorium en die besprekingsdienste (Johan Claassen) in die dorp.

Groot afslag vir studente is moontlik deur òf gebruik te maak van seisoenkaartjies òf blokbesprekings. Navrae in dié verband kan by die Konservatorium gerig word.

## Filmvereniging plaaslik gestig

**Potchefstroom gaan binnekort 'n filmklub kry. Die films sal op die PU aangebied word, maar die publiek van Potchefstroom sal ook welkom wees by die vertonings.**

Die gedagte van die filmvereniging het ontstaan by mnr. Johan Hattingh, dosent in die Departement Filosofie. Op Stellenbosch, waar hy tot 1978 was, het hy te make gekry met só 'n vereniging. Op die oomblik is mnr. Hattingh en mnr. Louis Grundlingh van die Departement Geskiedenis besig om finale organisasie vir die klub in orde te kry.

Die Potchefstroomse Filmvereniging, soos die klub bekend sal staan, sal geaffilieer word by die Federasie van Filmverenigings van Suider Afrika.

**DOEL**

Die doel van die filmvereniging is om belangstelling in die rolprent as sosiale-, historiese-, opvoedkundige- en kunsmedium te bevorder; waardering van rolprente aan te moedig en verwante werksaamhede te onderneem.

Die films sal van die filmoteek in Kaapstad bestel word en 'n wye verskeidenheid sal aangevra word, waaronder vollengte speelfilms, vollengte dokumentêre films, eksperimentele (avant garde-) films en geanimeerde films.

**NEGE FILMS**

Daar sal minstens nege films per jaar aangebied word. Ledegeld vir lede van die vereniging sal in die omgewing van R5 vir studente en R8 vir publiek wees. Dit sluit bywoning van die vertonings in.

Die eerste vertoning van die vereniging vir dié jaar word beplan vir 22 April ('n Ingmar Bergman-film) en die tweede vertoning word beplan vir 6 Mei ('n Fellini-film).

Belangstellendes wat wil meehelp met die reëlings en werksaamhede van die vereniging, kan in verbinding tree met mnr. Grundlingh tydens kantoorure by 22112 x 286.

**A la carte-etes is nou daagliks tussen 12h00 - 14h00 en 19h00 - 21h00 beskikbaar.**

'n Verskeidenheid voorgeregte, vis-, vleis-, hoender- en tussengeregte, omelette en nageregte kan teen billike pryse gekoop word.

Opsionele vooraf besprekking kan by die spysenieringsdepartement (uitbreiding 575 of 572) gedoen word.



**Op Donderdag, 6 Maart 1980, het die Conserve sy eie Karnaval gehou! Dit het gepaard gegaan met komiese items deur die verskillende jaargroepe en dosente. Daarna het almal heerlik gesmul aan die heerlike vrugte en koeldrank. Die vrugtefees het natuurlik bestaan uit 'n heerlike waatlemoensmeerdery onder die studente en sommige dosente het ook deurgeloop. Daarna het die studente besluit om in die nabygeleë PUK-swembad te gaan spring om die ergste taaiigheid af te spoel! *(Foto: Jaco Pretorius)***

## Spraak en Drama nooi Koos du Plessis na Skemervonkel

— Susanna Greyling —

**Koos du Plessis slaag by uitstek daarin om 'n klein gehoor te bekoor. Dit het duidelik geblyk uit die Skemervonkel wat deur die Spraakleer en Drama aangebied is, waarin hy die kunstenaar was.**

Die program het bestaan uit naamliedjies, hartseer en herinneringsliedjies. Koos du Plessis is bygestaan deur Teunis Botha wat van die liriek voorgedra het. Anneli van Rooyen wat verlede jaar 'n program op die PU aangebied het, het ook van die liedjies van Koos du Plessis vertolk.

Sommige van die liedjies is deur die kunstenaar toegelig en dít het tot die waardering en genieting daarvan bygedra. Die liedjie "Herman" is aan 'n vriend wat baie lief was vir reis opgedra. "Irma" is Koos du Plessis se eie dogtertjie, en "Coert" verwys na die beeldhouer Coert Steynberg.

"Molberge" is na aanleiding van die kunstenaar se verblyf in Springs geskryf. Dié liedjie spreek, soos die meeste van sy werk, van verlange na die verlede of 'n onbereikbare droom.

Die eenvoudige dekor en beligting het bygedra tot die eerlike, pretensielose aanbieding.

Koos du Plessis se liedjies sal seker nooit by almal ewe gewild wees nie, maar vir dié wat in 'n liedjie méér as 'n blote herhaling van 'n wysie, woorde en frases soek, het in Koos du Plessis 'n kunstenaar gevind.



**Gé Korsten en Susanne Davies het op Donderdag 6 Maart in die ouditorium opgetree as deel van die karnavalbedrywighede. Thomas Kruger het die twee kunstenaars ná die vertoning genader vir 'n geselsie.**

# Studenterade vergader

**Die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch het op Vrydag 7 Maart 'n besoek aan die PU gebring. Na middagete is 'n vergadering van die twee Studenterade gehou.**

In die lig van die huidige polemiek rondom die politieke bedrywighede van die Studenteraad van Stellenbosch, was die politieke taak van die SR die belangrikste besprekingspunt. Die standpunt van die SSR van die PU is deur die voorsitter, mnr. Jan-Louis du Plooy, gestel.

Hy het eerstens daarop gewys dat politiek nie die primêre taak van die SSR is nie. Tog lei die algemene omstandighede in Suid-Afrika en die noodwendige betrokkenheid van alle inwoners van die land daartoe dat die SSR wel politiek moet bedryf. Dit moet egter altyd akademies-wetenskaplik, nie-partypolities en vormgewend wees. Die uitvoering hiervan berus primêr by die Politiese Raad. Mnr. Du Plooy het dit betreur dat die SSR van die PU nie ook 'n komitee vir politieke studies het soos Stellenbosch nie.

Mnr. Frans Rautenbach het hierná die siening van Stellenbosch aan die vergadering uiteen gesit. Hy het gesê dat die SR van Stellenbosch dit as sy plig sien om politieke veranderinge teweeg te help bring en dit word gedoen deur die inname van 'n ekstreme standpunt. Hy het dit egter beklemtoon dat sodanige standpuntinname te alle tye verantwoordelik moet wees. Mnr. Piet Naudé van die US het daarop gewys dat 'n mens ook die verantwoordelikheid teenoor jou studente het om nie buite sig- of hoorafstand van hulle te raak nie. Mnr. Andries Calitz, ook van die US, het gewaarsku teen politieke eksperimentering, terwyl mnr. Josef Kruger gemeen het dat die politieke volwassenheid van die SSR nie so vanselfsprekend is nie.

Die twee Studenterade het wel konsensus bereik oor 'n paar sake. Ten eerste was hulle dit eens dat politiek 'n belangrike deel van die SSR se taak is. Dié taak behoort egter nie allesoorheersend te wees nie, aangesien ander verantwoordelikhede soos administrasie en studentebelange ook relevant is.

Hulle was dit ook eens dat akademies gefundeerde standpunte en die deurgee van inligting wensliker is as mosies in die vorm van politieke slagspreuke. Laastens het hulle saamgestem dat kontak met die massa belangrik is, maar dat sowel 'n napratery as 'n onverantwoordelikheid teenoor die eie gewete onwenslik is.

## Grade by U.S.

MEER as vyfhonderd studente het in die afgelope aanvullingseksamen van die Universiteit van Stellenbosch grade en diplomas behaal.



Paul Eylers van die SAUK het bygedra tot die vrolikheid oor Radio-Puk. By hom op die foto is mejj. Henriëtte Niemand en Christa de Klerk.

Kommentaar deur Irma J. van Rensenburg

# Stellenbosch en PU skakel moeiteloos

**Dat die PU en Stellenbosch nog altyd stalperde was, is die algemene mening wat studenteraadslede van beide kampusse dié naweek uitgespreek het.**

'n SR-lid van Stellenbosch het gemeen dat hulle nog altyd makliker met studente van die PU kon praat as met dié van die 'harder' noordelike kampusse. In hoeverre dit waar is, is seker moeilik te bepaal. Tog wil die hoë mate van konsensus wat die twee studenterade kon bereik 'n mens so laat dink.

Om nou egter 'n etiket om beide studenterade te wil hang en as 'links' te klassifiseer, is ietwat onregverdig. Juis omdat die manier van politiek bedryf van die twee rade so verskil, is dit moeilik om hulle saam te groepeer.

Die hoë prioriteit wat beide aan studentepolitiek gee, is 'n duidelike teken van die veranderde houding op die Afrikaanse kampusse. Vir baie jare is politiek aan die Engelse universiteite oorgelaat. Die voortgesette disaffiliasie van Stellenbosch en die politieke optrede van die ASB is in 'n groot mate verantwoordelik vir hierdie nuwe politieke bewussyn.

Die algemene toestande in Suid-Afrika het natuurlik ook daartoe bygedra dat Afrikaanse universiteite wakker geskud is uit hulle politieke slaap. Dit is te hope dat Afrikaanse en Engelse studente mekaar makliker in dié nuwe klimaat sal vind.

Die voorgestelde oorkoepelende liggaam is 'n belangrike stap in die verwesenliking van hierdie ideaal. Samewerking en veral samespreking is van die allergrootste belang vir die toekoms van Suid-Afrika. Sonder dié kontak kán die student nie 'n verantwoordelike aandeel in die politiek hê nie.

Die nuwe liggaam wat in die vooruitsig gestel word, moet ook nie as 'n bedreiging vir òf die ASB òf Afrikaner-identiteit gesien word nie. Dit is veel eerder 'n poging van studenteleiers om 'n forum te skep vir verantwoordelike politieke deelname van álle studente op álle vlakke.

Die klimaat was nog nooit tevore so gunstig vir politieke gesprek tussen studente nie. Nou is dit elke student se plig om toe te sien dat dié klimaat optimaal benut word.



Stukja-bestuursdames sit koppe bymekaar om 'n aktuele program vir 1980 te beplan.

# Stukja-planne

**STUKJA beplan sewe kampe vir 1980 en sewe sprekers sal lede oor onder andere Satanisme, Kommunisme in Suid-Afrika en Geloofsgenesing toespreek.**

Die eerste spreker wat sal optree, is prof. F. Botha. Hy sal op 12 Maart oor die vervulling van die profesieë in ons tyd, praat.

Op 26 Maart sal prof. P.W. Buys die studente toespreek oor Okkultisme, met die klem op Satanisme. Die liefde en die huwelik sal op 7 Mei deur ds. J. Schoombie onder die soeklig geplaas word. Kommunisme in Suid-Afrika sal op 4 Junie deur mnr. Lass bespreek word.

Gedurende die tweede semester sal daar gepraat word oor die handhawing van morele standaarde, (27 Augustus) die Lewe ná die dood, (24 September) en Geloofsgenesing (8 Oktober).

Stukja vergader op Woensdae om 18h45 in die kerksaal van die NG-Kerk Potchefstroom-Noord en op Maandae om 18h30 word daar biduur gehou.

Van 29 Februarie tot 2 Maart is 'n Eerstejaarskamp gehou. Twee Stukja-kampe word van 28 tot 30 Maart en weer later in die jaar van 8 tot 10 Augustus gehou. 'n Kamp vir die admissante word vir 14 tot 16 Maart beplan. 'n Sendingkamp sal van 2 tot 4 Mei gehou word.

Van 1 tot 3 Augustus sal 'n kamp vir die universiteitsverlaters gehou word. Die laaste kamp vir 1980 sal waarskynlik 'n kamp vir die admissante in Augustus wees.

"Kom deel in die vreugde van 'n Kerkjeug op pad in Sy Lig", is mnr. Ben Botha, voorsitter van Stukja se uitnodiging.

## Technikon

**Daar sal moontlik vanjaar nog met die aanbou van 'n nuwe technikon in Doornfontein begin word. Volgens mnr. C.A.J. Bornman, direkteur, staan die beplanning van die kampus wat reeds in 1969 begin is, einde se kant toe. Wanneer die kompleks egter voltooi sal wees, sal van die fondse wat die Staat beskikbaar stel, afhang.**

Spaar 'n sent vir die student



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

die WAPAD

# • Karnaval

**Hoewel finale syfers oor die uitslae van Karnaval nog nie beskikbaar is nie, lyk dit of goeie organisasie van die Karnavalkomitee beter resultate as ooit tevore opgelewer het. Wat die finansiële sy daarvan betref, was Karnaval 1980 dus suksesvol. Die feit dat byna al die Karnavalaktiwiteite in die Hennie Bingle-sentrum gehou is, het verder daartoe bygedra dat die meeste studente net met lof van die afgelope naweek praat.**

**Dit is egter weer 'n kwellende vraag of die biertuin werklik 'n noodsaaklike deel van Karnaval is. Die doel daarvan word deur baie studente bevraagteken. Aangesien die biertuin veronderstel is om spesiaal vir die studente gehou te word, wonder 'n mens of dié instelling nie in heroorweging geneem moet word nie.**

# • Rade

**Dit is jammer om te verneem dat vyf leiers uit die Politiese Raad bedank het. Al vyf van hulle skryf hulle bedankings toe aan veeleisende verpligtinge op ander terreine van die studentelewe. Hierdie verduidelikings is teleurstellend, omdat dit dui op onverantwoordelikheid van kandidate wat hulleself kort tevore nog beskikbaar gestel het vir poste op dié Raad.**

**Die Wapad was spyt om te verneem van ongrondwetlike en onreglementêre prosedure wat met die verkiesings van 'n Akademiese Raadsvoorsitter gevolg is. Sodra 'n ondersoek van die SSR in dié verband afgehandel is, sal Die Wapad volledige inligting hieroor plaas.**

# • Politieke betrokkenheid

**Dit is verblydend om te sien dat die SSR hulle beleid oor politieke betrokkenheid bekendgemaak het. Algemeen beskou lewer die strekking daarvan nie probleme nie, hoewel 'n paar knelpunte tog uitgelig kan word. Die verklaring is plek-plek effens vaag; sodat 'n mens wonder presies wat die politieke belange van studente sou wees, of wat die verskil tussen die politieke bedrywighede van die Akademiese Raad en dié van die Studenteraad is. In die verlede het teorie en praktyk ook nie altyd gestrook nie. Wanneer is die massa al geraadpleeg voor of ná 'n politieke uitspraak van die SSR? En wanneer is studiestukke in dié verband deur die SSR versprei? Verder is die "wyse van politiek bedryf" nog nooit in die ware sin van die woord *akademies*-wetenskaplik verantwoord nie. Mens is nietemin bewus van probleme wat op die weg van die SSR lê, en kan net hoop dat hulle daarin sal slaag om hulle voornemens na hulle eie, sowel as na die bevrediging van ander studente, uit te voer.**




# Mugabe verstom in verkiesingsuitslag

Cobus Visser

**Soos Prof C P van der Walt by die etensuurbespreking van die Sentrum vir Internasionale Politiek tereg opgesom het, bestaan daar veral twee vrae in ons gemoedere ten opsigte van die uitslag van die afgelope Rhodesiese verkiesing. Die eerste gaan oor hoe dit gebeur het en die ander oor wat nou gaan gebeur.**

Mnr Leno Rust en mnr H R Lass van die Sentrum vir Internasionale Politiek het die volgende gedagteprikkelende opsomming van hulle siening oor die situasie gegee.

### REDES VIR UITSLAG

Mnr Rust het ten aanvang daarop gewys dat die volgende twee redes aangevoer kan word vir die uitslag van die verkiesing.

Eerstens: die volskaalse intimidasie van die swart kiesers. Tweedens: die feit dat Mnr Robert Mugabe homself voorgedoen het as die enigste man wat die oorlog kan stop of voortsit — die swart Rhodesiërs het dit ook so gesien. Derdens: die hoogs doeltreffende verkiesingspropaganda — veral teen Biskop Abel Muzorewa.

Laasgenoemde was opgesaal met die beeld van die verloorder en nog belangriker die feit dat hy nie vrede in Rhodesië kon bewerkstellig nie. Vierdens was daar die geweldige druk van buite Rhodesië deur verskeie instansies soos die OAE en die frontliniestate wat op die Swart kiesers geplaas is. Hierdie druk het die Patriotic Front uit en uit bevoordeel.

'n Verklaring vir die feit dat voorspellings voor die verkiesing so uit die kol was, is moeilik te vinde. Volgens Mnr Rust glo hy nie dat daar op die laaste stadium voor die verkiesing 'n dramatiese ommeswaai was nie. Hy glo eerder dat dit 'n situasie is wat oor 'n bepaalde tydperk opgebou het.

Hy het daarop gewys dat die uitslag egter 'n feitelike gegewe is en as sulks aanvaar moet word. Hy verwag ook geen grootskaalse reaksionêre optrede teen 'n Mugabe bewind van die kant van die swart Rhodesiërs nie.

Mnr Rust voel dat ons ons nie moet laat mislei deur gematigde uitsprake deur Mnr Mugabe nie.

Die strydkrete wat in Salisbury se strate rondgedra word, is dat die rewolusie voortduur en Mugabe het hom onherroeplik verbind tot die daarstelling van 'n Marxistiese staat in Rhodesië. Hy beskik ook oor die magsbasis hiervoor, veral as hy en Nkomo gaan saamwerk. Nkomo het ook geen ander keuse as om saam te werk nie. 'n Staatsgreep van die kant van die Blankes sal onsinnig wees.

'n Situasie het dus ontstaan wat verreikende gevolge vir die hele Suider-Afrika inhou, veral as 'n mens onthou wie en watter magte 'n inwerking op Mugabe het.

### STRATEGIESE LESSE HIERUIT TE LEER

Mnr Lass wat hierna vanuit 'n strategiese oogpunt gepraat het, het begin deur daarop te wys dat die kommunistiese bedreiging ontstellend naby ons grense gekom het. Die rooi gordel vanaf Angola tot by Mosambiek het nou 'n realiteit geword. Dit bring vir veral Zambië en Malawi in 'n baie kwesbare posisie. Uit 'n strategiese oogpunt kan so 'n rooi gordel ook vir Suid-Afrika die situasie byna onhoudbaar maak.

Mnr Lass het ook gewys op Mugabe se koppeling met China en gesê hy glo dat hierdie land in 'n toenemende mate 'n rol in die Afrika-toneel gaan speel. Ten opsigte van die planne vir 'n konstellasie van state sê hy dat die verkiesingsuitslag 'n redelike knou daaraan gegee het.

Volgens hom het daar in Rhodesië 'n rewolusionêre situasie bestaan wat ontwikkel het uit 'n rewolusionêre potensiaal waarin daar gepoog is om deur middel van die gematigde swart leiers 'n interne skikking te bewerkstellig. Dit moes sorg vir 'n stelselmatige ontlonting van die oorlogsituasie. Vanaf die Weste se kant is egter gevoel dat die oorlog eers beëindig moes word voordat 'n vreedsame skikking bereik kon word. Van die terroriste se kant was hierdie feit gedurig onder die aandag van die Weste gebring. Sonder hulle samewerking sou daar nie vrede wees nie. Die Lancasterberaad het dus in hulle kraal gepas, want deur middel van 'n onderhandelingstrategie kon hulle tot 'n verkiesing toetree waarin hulle weer 'n verkiesingstrategie gevolg het. Vir die eerste keer is 'n rewolusionêre oorlog by die stembus gewen, dog was die loop van die geweer prominent in die stembus aanwesig.

In Suid-Afrika bestaan daar ook 'n rewolusionêre potensiaal wat reeds deur sekere magte omskep wil word in 'n ware rewolusionêre situasie. Daar gaan reeds stemme van Blanke en Swart kant op (as gevolg van wat in Rhodesië gebeur het) wat propageer dat daar met die ware leiers onderhandel moet word. As die ware leiers word die aggressiewe militante leiers voorgehou — Nelson Mandela en die leier van die ANC in Londen, Oliver Tambo. Die basis vir so 'n onderhandeling is 'n swart meerderheidsregering.

Volgens Mnr Lass is, breedweg gestel, die oplossing vir die Suid-Afrikaanse situasie geleë in sinvolle ruimtelike ordening en daarvoor is 'n duidelik uitgestippelde nasionale, totale strategie met baie duidelike eindoogmerke nodig.

### SAMEVATTEND

Samevattend het Prof P C van der Walt daarop gewys dat 'n mens nou, as gevolg van verhoogde verwagtings, 'n toename in ekstremisme onder ons swart politieke leiers kan verwag.

Daar sal onder sekere van ons Blankes 'n toenemende regse reaksie wees. Aan die ander kant kan daar ook die gevoel ontstaan dat meer gedoen moet word om die Swartes in die situasie in Suid-Afrika draagliker te maak. Verder moet daarop gelet word dat druk van buite op Suid-Afrika reeds begin toeneem, veral van die kant van Amerika.

Hy het afgesluit deur te sê dat wát ons ookal wil doen ten opsigte van ons eie situasie, ons dit vinnig moet doen. Ons moet onthou dat deur alles te wil behou, ons gevaar loop om alles te verloor.

# Uit die Woord

**GEN. 3:14 EN 15**

### VYANDSKAP EN HAAT

Vyandskap en haat het al so deel geword van ons daaglikse lewe dat ons dit al as normaal aanvaar. Maar is hierdie vyandskap wat daar in ons heers in ooreenstemming met die Woord van God?

### GOD HET ALLES GOED GESKAPE

In Gen. 1:31 lees ons dat alles wat God gemaak het, baie goed was. So ook die mens wat as kroon van die skepping moes heers. Ook oor die sonde kon hy heers. Die gebod was nie bedoel om hom in sonde te laat val nie, maar die mens moes hom bewustelik deur God laat lei — in lewende gemeenskap.

### DIE DUIWEL

Maar die duiwel in die gedaante van 'n slang wou dit anders hê. Die gemeenskap tussen God en die mens wil hy verander in vyandskap.

Die mens gee toe aan die versoeking van die slang, maar hy word nie 'n god nie. Nee, hy word skaam en bang — hy word 'n vyand van God.

### GOD HEERS OOK OOR DIE DUIWEL

Maar God maak 'n einde aan hierdie vyandskap tussen Hom en die mens. Hy bring vyandskap tussen die mens en die slang. God beloof ook vyandskap tussen die mens en die duiwel. Hierdie vyandskap duur nie vir altyd nie. Daar sal 'n dag kom wat die duiwel vermorsel sal word. In die NT het hierdie belofte werklikheid geword toe Jesus Christus lewend uit die graf opgestaan het.

Daar staan ook: "Jy sal hom in die hakskeen byt." Alhoewel finaal oorwin deur Christus loop hy nou rond soos 'n brullende leeu en kyk wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8)

Mag God ons die genade gee dat ons lewens nie sal getuig van 'n aardse vyandskap nie, maar van 'n Bybelse vyandskap. Vyandskap teenoor ons aartsvyand, omdat dit God se werk in Christus is.

### REGSTELLING


**Vanweë 'n tegniese fout het die WAPAD van 29 Februarie berig dat Mnr. L. Pienaar S.A. se ambassadeur in Argentinië is. Hy is egter die tweede sekretaris in dié land.**

*"Glimlag!"*






*In my hart is daar heimwee.*



*Ho! nou kêrel — net een ding op 'n slag!*

# Karnaval '80




*Die president van tarentaal daal af na die massa om sy akademiese toga neer te lê.*



*"Pink Panther strikes again!"*

*Bloed, sweet en trane.*





*Hoeveel nog, kêrels?*



Juffrou, ag praat gou met my ma, toe?




Vrypostige Mikrofoon, inderdáád . . . sssss!



Die pragtige Pukkies.



Sterkte, ou pêl!



Só word dit gedoen.

Is dit Eksodus of Openbaring?






Energiekrisis.



Trèèèk!



*Die dames wys hul slag.*



*Dis soms maar moeilik om kop bo water te hou!*



*Eet grond, eet gesond!*

*Spring, juffrou!*



*Driebeenpot versus saunabad.*






*Eina ma! Ek hét my ore gewas!*




*Van waar het julle haar "aangesleep"?*



*Kapetyt manne.*

*Daardie vis móét gevang word!*




*Roei dames; roei!*





'n Vonkelbad in skuimwyn.



Die knellende verknorsing.



Konsentrasie vir Basie.






Nóg 'n ekstra bietjie kleur vir afronding.

Ek "like" karnaval, en jy?



Vat so!



Hombré gee 'n voorsmakie van Dampad 500-manskoshuis.




Hoe smaak dit ouens?





Over-de-Voor het tydens karnaval geskiedenis gemaak nadat hulle die trapkarwedren gewen het. Hulle is mnre. André Joubert, Neels van der Linde, Cassie Nel, Danie Malan, Albert Glover en mej. Vivian Louw.


# Hulpprojek bou kerk

**'n Groep van ongeveer veertig studente van die PU het aan die einde van verlede jaar saam met Hulpprojek by Lenopeny in Bophuthatswana gaan kerk bou.**

Volgens mnr. Nols Swanepoel het die studente die PU se naam uitgedra tot in die harte van die Tswanas. Die groep het met groot ywer, baie sweet en inspanning 'n kerk laat verrys.

'n Mens leer mekaar in alle moontlike fasette ken. "Hulpprojek leer 'n mens wat die Tswana spreekwoord sê: 'n Mens is 'n mens deur ander mense," het mnr. Swanepoel gesê.

Hulpprojek beoog hierdie jaar projekte gedurende die Junie- en Desembervakansies.



Dr. M.L. Hugo

# Lektor vertrek

**'n Senior lektor in Geografie aan die PU, dr. Leon Hugo, het op 15 Februarie na die VSA vertrek om navorsing te doen oor die ontwerp van ontspanningsoorde.**

Sy studies sal handel oor die ontwikkeling van ontspanningsterreine, die bepaling van 'n terrein se potensiaal en die ontwerp van 'n terrein.

Sy reis sluit aan by 'n projek wat die Geografie-departement aangepak het in opdrag van die Departement van Sport en Ontspanning. Twee verslae wat reeds in dié verband uitgebring is, handel oor natuurbewaring en 'n voetslaanroete in die Magaliesberge. Dr. Hugo word in April terugverwag.

# Fiesta op UPE

**UPE bied hierdie jaar FIESTA op hulle kampus aan. 'n Verskeidenheid kursusse word aangebied. Valskerm- en Sweefopleiding word aangebied. Spronge en vliegure word geregistreer. Kursusse in hangsweef, duik, seil en lewensredding word aangebied. Professionele afrigting in tennis word aangebied.**

Verder bied die Departement van Nasionale Opvoeding in samewerking met persone in Port Elizabeth, kursusse in blommerangskikking, grimering en modellering aan. 'n Bekende wapenhandelaar in die stad bied 'n kursus in praktiese pistoolskiet by 'n binnenshuise skietbaan. Deelnemers moet egter hul eie wapens en minstens 100 patrone elk voorsien.

'n Kursus oor verslanking, gesondheid en wynkennis word gesamentlik deur die Departement van Nasionale Opvoeding en die Stellenbosch Boerewynmakery aangebied. Verder word ook kursusse oor fotografie, gholf en moderne dans aangebied. Koshuisinwoning word gratis voorsien en inskrywingsgeld is R10 per persoon.

# Traangas gebruik

**Die polisie het Dinsdagaand 26 Februarie van traansgas gebruik gemaak en studente van die Chemievereniging uitmekaar laat spat.**

Die "oproer" was die gevolg van 'n interessante bespreking van traangas, en 'n daaropvolgende demonstrasie van die werking van traangas deur die polisie van Potchefstroom.

Tydens die vergadering het prof. F.C. Martins, departementshoof van Chemie, die mannekragtekort aan chemici in 'n tydperk waar chemie 'n toenemende, belangrike rol speel, benadruk.

Die sosiale kontak tussen dosent en student in die Vereniging sal waardevolle betekenis in die klas hê. Prof. Martins het gesê dat 'n gesonde groepsgees 'n gesonde gees in die klas verseker.

Die vergadering is op 'n spreekwoordelike sosiale manier afgesluit. Die voorsitster van die Chemievereniging, Christine Pelser, het gesorg vir 'n foutlose kaas-en-wyn.

# Rol van Chemie in misdaadbestryding

**Die PU se departement Chemie het op die aand van 3 Maart, in samewerking met die afdeling Chemie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n lesing aangebied oor die rol van Chemie in misdaadbestryding. Die spreker by die geleentheid was genl.-maj. L.P. Neethling, Hoof van die afdeling Forensiese Chemie van die Suid-Afrikaanse Polisie.**

Genl. Neethling, wat aan die Universiteite van Pretoria en Davis, Californië studeer het, beskik oor 2 doktorsgrade in Chemie. Weens sy belangstelling in die misdaadverskynsel het hy by die Suid-Afrikaanse Polisie aangesluit.

Genl. Neethling het gesê dat Chemie 'n geweldige invloed op ons samelewing uitoefen. Dit is op baie gebiede in die samelewing onontbeerlik.

Genl. Neethling het enkele statistieke genoem om die omvang van misdaad in die land te illustreer. Op een dag vind daar twee misdrywe (ernstige misdade byvoorbeeld moord) en twee regsvergrype (minder ernstige oortredings) per minuut plaas. Binne die bestek van 'n uur vind 1,75 verkragtings en 3,5 daggaoortredings plaas. Tien gevalle van strafbare manslag en agtien moorde vind gemiddeld per dag plaas.

Om hierdie misdade te bekamp, word prosesse soos dunlaagchromatografie, infrarooi-bestraling en differensiële termiese analise gebruik op monsters wat op die toneel van misdaad gevind is. Soms is slegs 'n mikrogram van die stof, byvoorbeeld hare of motorverf nodig om die skuldige aan die kaak te stel.

Byna elke aspek van die lesing is toegelig met 'n toepaslike skyfie. Hierdeur kan mens sien hoe misdaad in die werklike lewe lyk, heeltemal anders as wat dit byvoorbeeld op televisie uitgebeeld word.

# Beurs beskikbaar

**Die Afrikaanse Sakekamer van Potchefstroom het besluit om 'n beurs aan studente in Ekonomie beskikbaar te stel. Die beurs is tans nog in die beplanningstadium, maar sal moontlik oor twee jaar beskikbaar wees.**

Die voorsitter van die Sakekamer, mnr. Hannes Burke, het in 'n gesprek met Die Wapad gesê dat 'n bedrag van R8 500 beoog word. Die bedrag sal oor 'n periode van twee jaar onder lede van die sakekamer geïn word. Tot op datum is beloftes van R3 000 reeds ontvang.

Kinders van lede van die Sakekamer of hulle werknemers of kinders van Potchefstroom wat Ekonomie wil bestudeer sal in aanmerking kom vir die beurs. Die moontlikheid van 'n beurs vir nagraadse studente word ook ondersoek.

Die beurs sal net aan studente op die PU beskikbaar wees.

# PU bied ASB aan

**Die jaarlikse ASB Kongres vind vanjaar op die PU-kampus plaas van 14 tot 18 Julie. POK en die PU sal as gashere optree.**

Maandag 14 Julie begin die Kongres en dieselfde aand vind die amptelike opening plaas. Die tema vanjaar is Jeugkrag 80. Die aandeel van die jeug in die dekade wat voorlê word bespreek. Voorlopig sal die aandeel wat die jeug sal hê in Godsdiens, die ekonomie, politiek, kultuur en onderwys, bespreek word.

Die affiliasiestelsel en waarskynlik ook die omstrede kleurling-mosie van verlede jaar sal onder bespreking wees. Hierdie Kongres sal bepalend wees vir die rigting wat die Afrikaner-student in die jare 80 sal inslaan.

Elke kampus sal amptelike afgevaardigdes stuur in verhouding met hulle studentegetalle. Slegs die afgevaardigdes sal stemreg geniet, maar almal is welkom om aan die besprekings deel te neem.

Die afsluitingsdinee vind Donderdagaand plaas. Rugbywedstryde vir die mans en sokkerwedstryde vir die dames, wat noord en suid van die Vaalrivier woon, word beplan.

# NUUS

**Die Embleem van die Studentesentrum wat ook op die karnaval T-hempie verskyn, is ontwerp deur mnr. K.H. Schmitz van die Buro vir Universiteitsonderwys (BUO). Dit is simbolies van die Sentrum en word oorkoepel deur die kandelaar op die Universiteitswapen.**

# SSR-lede

**Drie lede van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch het bedank omdat die meerderheid van die raad weier om die Eerste Minister om verskoning te vra vir die wyse waarop hul voorsitter, mnr. Hilgard Bell, minister P.W. Botha se beleid gekritiseer het. Hulle is mnre. Frans Roelofse, Nick Koornhof en Kobus Visagie.**

Mnr. Bell het kritiek uitgespreek in The Argus teen die aanvanklike grondwetlike kabinetskomitee waarvan mnr. Botha die voorsitter was. 'n Mosie wat deur mnr. Koornhof ingedien was en waarin die SSR versoek word om teenoor die Premier te apologeer, is by wyse van 'n meerderheidsbesluit verwerp. Die kritiek het daartoe gelei dat die Eerste Minister 'n uitnodiging om 'n openbare vergadering toe te spreek, van die hand gewys het.

Die drie lede het gestel dat hulle nie die kritiek as sulks afkeur nie maar wel die wyse waarop dit gedoen is en dat hul posisies in die Studenteraad as gevolg daarvan onhoudbaar geword het.

*(Berig uit Beeld van Saterdag 8 Maart)*

# SBV aktief

**Die Studentebiblioteekvereniging (SBV) is in 1978 gestig en het op die oomblik nog net een eweknie, naamlik dié van die Vrystaatse Universiteit.**


Die doel van die SBV is om 'n samehorigheidsgevoel onder biblioteekkundestudente in die departement te kweek, te skakel met die beroepsvereniging (SAIBI), interuniversitêre skakeling te bevorder en die beeld van die biblioteek te bevorder.

Die aktiwiteite sluit onder andere boekbesprekings, interessante praatjies oor aktuele onderwerpe en toere na verskillende biblioteke in. Een van die hoogtepunte is die jaarlikse INTERDINK wat tydens die intervarsity met UOVS plaasvind. Verlede jaar is die SASOL-wisseltrofee tydens die geleentheid verower. Die trofee word tans in die Ferdinand Postma-Biblioteek tentoongestel. Die kwartaalblad, Bibl-Publ, word gratis onder die lede versprei.

Die eerste byeenkoms is 'n Bring-en-braai op 14 Maart 1980 om 18h00 op die Fanie du Toit-sportterrein.

**Ondersteun ons adverteerders**



Prof. Rassie Smit wens mej. Magdel van der Walt geluk nadat sy 'n motor gewen het. Dit is die tweede agtervolgende jaar wat mej. Van der Walt 'n motor wen.

tandem

# EGSKEIDING — wek kommer in SA

**Daar bestaan geen twyfel dat die egskeidingsyfer in Suid-Afrika groot kommer wek nie.**

Volgens statistiek beland een uit elke drie huwelike in die skeihof, wat daartoe bydra dat egskeidings vandag besig is om net so 'n onafskeidbare deel van ons samelewing te word as die huwelik. Hierdie probleem het met die instel van die nuwe Egskeidingswet in 1979 weer sterk op die voorgrond getree.

Kragtens hierdie wet bestaan daar een oorkoepelende rede vir die ontbinding van 'n huwelik, naamlik die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik. Indien 'n huwelik in so 'n mate agteruitgegaan het dat 'n normale verhouding ontmoontlik is, ag die wet dit as onherstelbaar.

Daar word 'n paar riglyne deur die wet gegee met betrekking tot die beoordeling van totale verbrokkeling:

- Indien die partye vir 'n jaar lank ononderbroke van mekaar geskei was.
- Indien die verweerder owerspel gepleeg het en die eiser nie kans sien om met die huwelik voort te gaan nie.
- Indien die verweerder tot gewoontemisdadiger verklaar is.

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat indien die huwelik totaal verbrokkel het, die hof geen reg het om die egliede te verplig om bymekaar te bly nie. Aan die ander kant kan die hof egter die saak uitstel indien hy van mening is dat daar enige kans vir versoening bestaan.

Met die implementering van die nuwe wet, het dit duidelik geword dat 'n masjienerie geskep is wat egskeiding veel makliker maak, soos uit die steeds stygende getal egskeidings gesien word.

Die oorsaak vir die toenemende getal egskeidings kan egter nie net by die wet gesoek word nie. Sekere elemente in die samelewing leen homself tot die stand van sake:

- As gevolg van die sekularisasie van die samelewing word die huwelik nie meer as 'n instelling van God aanvaar nie. Die ernstigheid waarmee die stap in vroeër dae oorweeg is, is vandag grotendeels afwesig.
- In die samelewing, wat algemeen as permissief beskou word, het egskeiding nie meer die stigma van vroeër nie.
- Die voorspoedgolf en vinnige verstedeliking in die land plaas 'n spanning op menige huwelike in die jaag na welvaart.

Die kumulatiewe effek van bogenoemde, gekoppel aan 'n gemaklike egskeidingswet kan dus as aanleidende faktore tot die hoë egskeidingssyfer gesien word.

Na aanleiding van hierdie feite is mnr. I. Vorster, dosent in die Huweliksreg in die Regsfakulteit van die PU, genader vir sy mening.

Wat die verskynsel van egskeiding betref, meen Mnr. Vorster dat indien mens na die Bybel gaan, owerspel die enigste gronde vir egskeiding is. Tog moet die mens besef dat hy in 'n sondige en toenemend komplekse samelewing leef, en indien egskeiding slegs op grond van owerspel toegelaat sou word, dit slegs tot groter maatskaplike euwels sou lei.

Volgens mnr. Vorster sou 'n moontlike oplossing lê in die instelling van 'n spesiale gesinshof, waar nie slegs regsgeleerdes verteenwoordig sou wees nie, maar ook teoloë, psigoloë en maatskaplike werkers.

Ten spyte van finansiële struikelblokke, moet 'n mens tog daaroor dink of die erns en omvang van die probleem nie die moeite en onkoste regverdig nie.

Daar ontstaan egter steeds die vraag wat die ideale egskeidingswet sou wees. Mnr Vorster is van mening dat dáar voorsiening gemaak moet word eerstens vir huwelike wat in belang van kinders en die samelewing ontbind móét word, maar tweedens ook vir huwelike wat met sorg en insig nog gered kan word. So 'n wet sal ook moet toesien dat die reg nie misbruik word om huwelike klakkeloos op grond van vcorkombare sosiale probleme te ontbind nie.

Slegs wanneer die probleem in al sy aspekte, en nie net die regsaspekte nie, behandel word, kan mens hoop om 'n werkbare oplossing vir die probleem te vind.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641


**DIE WAPAD WORD DEUR PROMEDIA GEDRUK**



**Aaits, aaits vir my sights, tydens die onlangse Aster-modeparade.**

# Vrou op Tukkie-kampus

C.J. van Rensenburg

**In die Perdeby van 8 Februarie word daar beweer dat die vrou ook 'n rol het om te speel op die Tukkie-kampus. Volgens die artikel hoef die rol van leidster nie noodwendig die rol van vrou-in-verhouding-tot-iemand-van-die-teenoorgestelde-geslag nadelig te beïnvloed nie.**

Die artikel stel verder dat die vrou standpunt moet kan inneem en leiding neem, maar altyd op die tipiese vroulike wyse, wat as volg getipeer word: "Sy het 'n sterk intuïtiewe en aanvoelende houding, 'n praktiese gerigtheid, sy is nie primêr analities denkend nie, maar primêr emosioneel denkend, sy is idealisties romanties, goedgelowig en het 'n sterk versorgende, koesterende ingesteldheid."

Die vraag na betrokkenheid by die Tukkie-dame lyk meteens so verspot in die lig van die voorafgaande 'unieke kenmerke'.

Hoe kan daar van iemand, wat as 'goedgelowig' en 'romanties idealisties' getipeer word, verwag word om 'standpunt in te neem' en 'n 'leidster' te wees? Die probleem is soos gewoonlik dat menslike karaktertrekke op die vrou spesifiek afgedwing word; 'praktiese gerigtheid' is 'n talent wat, ongelukkig, nie die vanselfsprekende eiendom van die vrou is nie, 'emosionele denke' is iets wat mens by kerkleiers en politici opmerk, waarvan 99% mans is.

Met die een hand maak die skrywer/skryfster van die artikel die deur vir die Tukkie-dame oop, en met die ander hand deel sy/hy 'n klap uit wat teruggaan na die prehistoriese tye. Mens wonder tog of dr Sandra van der Merwe nie 'n uitnodiging vir 'n rit in 'n tydmasjien terug Tukkies toe sal aanvaar nie?

# *Grenspakkies oorhandig*

**250 grenspakkies is op Woensdagoggend 27 Februarie, by die Regimentkanon naby Heimat, deur Aster oorhandig.**

Aster sorg elke jaar vir pakkies aan die grensmanne wat in die tyd rondom Amajuba-dag aan die Weermag oorhandig word. Hierdie jaar is die pakkies spesifiek bestem vir die lede van die Regiment Potchefstroomse Universiteit (RPU) wat op die oomblik besig is met operasionele diens.

By Woensdagoggend se oorhandiging het Kolonel Pieter van der Walt opgetree as seremoniemeester. Ná skriflesing en gebed, waargeneem deur Prof. J.C. Coetzee, het Elsie Yssel, voorsitster van Aster, die pakkies aan prof. Tjaart van der Walt as ere-kolonel van die RPU, oorhandig. Hierna is die pakkies namens die Weermag deur kommandant Willis Blaauw in ontvangs geneem.


POTCH INRY



Maart '80 Tel. 21881

**17-18de: 1ste vert.: LOST AND FOUND — Glenda Jackson**
**21-22ste: 1ste vert.: LOST AND FOUND — Glenda Jackson**
**19-22ste: 2de vert.: ASSAULT ON PRECINT 13 — Austin Stocker**


# Universiteit van Durban-Westville verjaar

**Die Universiteit van Durban-Westville wat aanstaande jaar sy 21e verjaarsdag vier, hoop om onafhanklik te kan word.**

Op die oomblik is die universiteit 'n regeringsinstelling. Hiermee word bedoel dat die universiteit deur die staat beheer en van geld voorsien word. Volgens 'n woordvoerder sal dit die studente tot voordeel strek as hulle nie langer van die Staat afhanklik is nie. "As ons eers outonoom is, kan ons ons eie besluite neem, byvoorbeeld deur ekstra leerskole en poste te skep. Maar op die oomblik is alles aan die raad se goedkeuring onderworpe."

Dit sal egter beteken dat daar sterk gesteun sal moet word op ander fondse, want soos ander onafhanklike universiteite sal onkoste uit eie bronne gedek moet word.

Durban-Westville spandeer tans R10 miljoen per jaar en bou-onkoste die volgende vyf jaar sal nagenoeg R20 miljoen beloop.

*(Die Transvaler, Maandag 3 Maart)*

# Politieke Betrokkenheid van die SSR

**Die SSR grond sy politieke betrokkenheid op die volgende:**

* Die taak van die SSR soos uiteengesit in sy grondwet art. 4, wat bepaal dat die SSR die Calvinistiese lewensbeginsels met gesag moet handhaaf en uitdra. Hierdie beginsels raak die hele terrein van die lewe en daarom ook die politiek. Daarom is die SSR se taak nie net op die politieke terrein nie maar ook op kulturele, sport en lewens- en wêreldbeskoulike gebied, ens.

* Behartiging van die studentse belange (wat uit die aard van die saak ook die politieke terrein insluit).

* Noodwendige betrokkenheid van almal in Suid-Afrika by sy toekoms en daarom ook op politieke gebied.

* Die betrokkenheid van 'n akademiese gemeenskap by sy omgewing.

Die SSR se politieke betrokkenheid is nie:

* sy primêre taak nie (die SSR is nie 'n politieke drukgroep of party nie);

* nie partypolities georiënteerd nie.

Die politieke terrein is wel die primêre taak van die Politiese Raad. Maar soos die SSR saam met die Kultuurraad en Sportraad besluite neem, so kan die SSR mosies aanneem op die politieke terrein. Maar dan moet hierdie wyse van politiek bedryf akademies-wetenskaplik verantwoord wees en nie partypolities gebonde wees nie. Die taak van die SSR kan as leidinggewend en vorminggewend beskou word en kan uitgevoer word d.m.v. standpuntinname en terugvoering na die studentemassa (d.m.v. mosies en studiestukke). Daarmee kan die SSR leiding gee tot politiese gesprek. Referendums en meningsopnames kan gebruik word om die mening van die massa te toets en na buite te stel as die mening van die studentegemeenskap van Potchefstroom.

Standpuntinname deur die SSR d.m.v. mosies, is die mening van die SSR as die studenteleiers van die PUK en gee nie voor om die mening te wees van 'n meerderheid studente nie. Beginselstandpunte op die PUK was nog altyd van meer waarde as blote meerderheidstandpunte.

(J L DU PLOOY)




**Tamatie, die wortelmaniak van Tomstraat, eet 'n rooi appeltert in die kafeteria terwyl hy in die ouditorium klavier speel met 'n groteske geel das om sy knie gebind. Hy lag uitbundig en skreeu: "Mossulini ek het Ottowa. Skrop die vloere!" Hy steek sy tong uit om te wys hy gaan links draai terwyl hy op romantiese dog dawerende wyse "die happy hearts van Silverton" tokkel met sy tone.**

Die tyd is so drie-en-sewentig minute oor nege, drie Boeings oor Kaapstad en twee wolke oor Kimberley, dit wil sê so tussen die derde en vierde bedryf.

Op daardie oomblik bars die deur oop en Juicy Lucy, die skirminkel van Skandinawië, die skurk van last Tanga op Clifton storm die gebou binne. Hy dra drie blou brandende kerse, een in elke hand en gil vyftig maal hard: "O die arme ape. Blaas die bakstene koud". Hy storm op Tamatie af, maar die sit al die afgelope drie uur onder die bed en vertel spookstories op humoristiese trant, so tussen versies van sing "Miemie jou handjie is yskoud" op "tant Koek se hoenderhaan" se wysie, terwyl hy elke sewentien minute lou tee in sy ore gooi om homself wakker te hou.

Met 'n groot gevroetel hardloop ongeveer naastenby omtrent plus-minus sewe-en-dertig nonne die slaapkamer binne, gooi die yskas by die venster uit en hang hulle groen nagmusse oor die brandslang en begin vreetpak speel op die kas.

At that moment Zonkitot came into the kitchen riding a red tricycle with a stream-driven radio built into the exhaust pipe. "Insanity rages in the pantry and in Bulgaria". He cried, "why has everyone gone to Australia?" Striding across the landing, he tripped, fell upstairs, breaking a leg, two world records and three gold vases and cracking two ries and five jokes.

Night fell across the countryside, into the garden, up the drainpipe, through the laundry and into a green pudding, which can still be seen by sending a postal order to the value of twenty seven rand and the June 1957 edition of the "House-maids Weekly" to Leonard Frump, 14 Kringeknutt terrace, Pun, 7682, the above including entertainment tax, a 17% service charge and an autographed photograph of Al Debbo.

Tjorts, Tjorts en Tjorts.

**En onthou: vanaand is die einde van vandag, behalwe as die vakansie môre begin — dan is vanaand die begin van môre!**

## Aanstelling

**Die Randse Afrikaanse Universiteit het die volgende senior aanstelling bekend gemaak:**

Mnr. F.D. Muller is aangestel in die nuwe pos van Direkteur: Personeel. Hy sal aan die hoof staan van 'n selfstandige afdeling en 'n suiwer personeelfunksie vervul.

# SSR reaksie bedank

**Geagte Redakteur**

**'n Woord van hartlike dank aan die SSR vir hulle reaksie op my tweede brief i.v.m. politieke plakkate (Wapad 1980-03-07). Ek wil regtig nie weer al my argumente uit die vorige briewe herhaal nie, ten spyte van die feit dat daardie argumente nog steeds onbeantwoord is. Na my mening het die SSR slegs my argumente vermy, en ek wys graag op enkele van die meer ernstige probleme wat ek hiermee ondervind het.**

1. Die stelling "En om hierdie rede keur die SSR alle plakkate goed of af omdat die SSR die hoogste gesagsliggaam in die studentelewe is", is om verskeie redes aanvegbaar:

(a) Verskeie SSR-notules van 1977/78 bewys dat die SSR van daardie termyn van opinie was dat partypolitieke plakkate, soos partypolitieke vergaderings, nie op die kampus hoort nie. Hulle het blykbaar die tradisie net so onjuis as ekself gesien.

(b) Die aangehaalde stelling volg geensins uit die voorafgaande argumente nie.

(c) Die houding dat die SSR sal besluit, omdat hulle die hoogste gesagsliggaam is, is verregaande arrogant. (Hoewel dit bloot feitelik juis is.)

2. Ek wag met dankbaarheid op die beloofde amptelike verklaring oor die SSR-beleid t.o.v. politiek.

3. "Die SSR waardeer positiewe kritiek en wenke en nooi alle Pukke daartoe uit, maar het aan voorskrywery, uitdagende houdings en aan gewaande segsmanne van die massa geen behoefte nie." Hierdie arrogante stelling herinner my aan 'n opmerking in die Senaat, nadat 'n sekere senator met 'n soortgelyke stelling die skerp kritiek van 'n ander senaatslid afgemaak het: "Dit is beide oneffektief en swak maniere om 'n vuur met 'n waterpistool te probeer blus."

As u van die massa verwag om met verskonende "positiewe kritiek" na u te kom, en alle reguit kritiek probeer afmaak as "ongewens", kan ek u verseker dat u die volwassenheid van u kiesers onderskat.

André van der Walt

**UIT NO. 13**

# Kontrole oor etes

**Die nuwe etekaartjie-stelsel wat by sekere koshuise van die Universiteit van Port Elizabeth ingestel is, het wye belangstelling van verskeie instansies uitgelok.**

Volgens mnr. C.J. Crause, Assistent Registrateur (Administrasie), het verskeie ander universiteite en 'n groot myn belangstelling in die nuwe stelsel getoon. Aangesien die UPE die eerste Suid-Afrikaanse universiteit is wat so 'n stelsel op die proef stel sal dit deeglik dopgehou word vir enige probleme wat mag ontstaan.

Die studente se reaksie was baie gunstig. Tot dusver is die stelsel slegs tot die aandetes beperk. Een positiewe aspek van die stelsel is dat studente ook by die studentesentrum kan eet met die etekaartjies. Op hierdie manier word daar meer gebruik gemaak van dié sentrum se fasiliteite. Die getal studente wat aandetes in die eetsale bywoon het gedaal tot slegs 'n derde van die gereelde getal.

Mnr. Crause sê pogings van die senior studente om eerstejaars kos uit die eetsale te laat sleep, is vroeg in die kiem gesmoor. Indien die stelsel oor 'n periode van 'n jaar suksesvol blyk te wees, sal daar oorweeg word om die stelsel ook na die ander etes uit te brei.

*(UPEN, Dinsdag 19 Februarie)*

# Studente krap kop oor goudinkomstes

**Een van die belangrikste vrae wat die Minister van Finansies, senator Owen Horwood, oorweeg wanneer hy sy Begrotingstoespraak vir 26 Maart opstel, is wat om met Suid-Afrika se fabelagtige inkomste uit goud te doen.**

Dié vraag het ook studente aan elk van Suid-Afrika se 17 universiteite vir Swartes, Blankes, Bruinmense en Indiërs aan die kopkrap.

Die studente is deelnemers aan die jaarlikse Begrotingsredewedstryd van Nedbank-Ou Mutual met 'n reis na die Parlement om na die Begrotingsrede te luister as prys vir die beste student by elke universiteit en sy professor of dosent.

Die 17 wenners en hul leermeesters sal ook saam met senator Horwood en die Minister van Nywerheidswese, Handel en Verbruikersake, dr. S.W. van der Merwe, gaan eet.

'n Kenmerk van die wedstryd is dat deelnemers nie noodwendig ekonomiestudente hoef te wees nie. Enige student in enige fakulteit kan deelneem. 'n Algehele wenner sal vanjaar aangewys word.

Die oggend ná die Begrotingsrede sal die akademici saam met Kaapse sakeleiers en hoë amptenare in die openbare sektor deelneem aan 'n nabetragtingsdebat oor die Begroting met die studente as waarnemers.

Onder die spesiale gaste wat vanjaar se debat sal bywoon, tel dr. Gerhard de Kock, spesiale raadgewer vir die Minister van Finansies, die Sekretaris van Finansies, dr Joop de Loor, die Sekretaris van Binnelandse Inkomste, mnr Mickey van der Walt, die Sekretaris van Handel en Verbruikersake, dr Tjaart van der Walt, die Sekretaris van Nywerheidswese, mnr P F Theron en die Sekretaris van Omgewingsbeplanning en Energie, mnr J F Otto.

Dr Frans Cronjé, voorsitter van die Nedbank-Groep en 'n direkteur van Ou Mutual, sal as voorsitter optree.

Die onderwerp van die Begrotingsredewedstryd word elke jaar deur Nedbank se Ekonomiese Eenheid opgestel om studente se begrip van Suid-Afrika se ingewikkelde ekonomiese vraagstukke te toets.

guys & dolls
vat dit kop toe!


Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

Oulike koppies vir sleeptyd

en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.
Insleep -geskenkwinkel Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

